

# Sondag 10 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 18:16 –  
19:38 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: Genesis 18:19  
(1953-vertaling)

## **God se belofte en sy eis – Hy kies Christus tot geregtigheid**

Genesis 19 bevat gebeure wat tot die mees grusame hoofstukke in die geskiedenis tel – die verwoesting van Sodom en Gomorra en die ontug van Lot se dogters met hulle pa. Dit is só moeilik om dit te lees. As dit mense sou wees wat moes besluit wat in die Skrif as Woord van God opgeneem moet word, sou dele van hierdie geskiedenis beslis uitgelaat gewees het. Maar juis dít is die wonderlike van die Here se Woord. Dit draai nie doekies om nie. Dit kom met die hele waarheid. En daarom en daardeur verkondig dit juis vir ons dié Waarheid, Christus (Joh. 14:6).

In die vernietiging van Sodom en Gomorra leer die Here 'n noodsaaklike waarheid aan ons – sy eis om gehoorsaamheid, sy toorn oor ongehoorsaamheid (vgl. Gal 3:10; HK So 4, vr. 10). Die berig oor die bedrog en ontug van Lot se dogters met hulle pa en Lot se drankmisbruik beteken nie dat sulke vreeslike sondes goedgepraat word of kan word nie – intendeel, dit beklemtoon die verdorwenheid van die mens ná die sondeval. Selfs Abraham se direkte familie, direk ná hulle redding uit Sodom, is soos ons almal (Rom. 3:10), soos alle mense, verdorwe en geneig om God en ons naaste te haat (HK So 2, vr 5).

Genesis 18:18, 19 bied egter 'n belangrike sleutel. Die HERE van die verbond, Jahwe, betuig sy groot genade. Dit is dié sentrale lyn deur die hele Skrif: die Here se belofte en sy eis – die evangelie. Hy het Abraham “gekies” (verbondstaal – sy belofte); Abraham en sy nageslag moet Hom volg (sy eis), om “geregtigheid en reg te doen”. Uiteindelik was dit net Christus wat aan God se “geregtigheid” voldoen het (HK So 6), wat daaraan kón voldoen. Ja, eers in Christus aan die kruis sou hierdie geregtigheid voltrek word ...

So hou die HERE sy verbond in stand, só is die beloftes aan Abraham, ook in Genesis 18:18,19 vervul en kry ons deel daarin.

*Sing: Psalm 105-1:5, 6, 23*

*Dr. VE d'Assonville (Victor) (Postmasburg) (RTS – Reformatorisch-Theologisches Seminar, Duitsland)*